
Volta

... *noudat dit skemer word* ...

Koning son, met rosige wange, dag se soewereine goudmunt,
jy raak my aan, en my vel word horingvlies,
my ruggraat 'n oogsenuwee, en my liggaam bewe
half verbysterd deur die poel van goud wat jy giet
oor hierdie see en stad, en ek is verblind.
Hier het eenmaal rye gestaan – en steeds weet ek hulle staan –
huise en strate, behorend tot 'n ander stad,
nie hierdie een wat jy volkome verander het nie.

Ons loop aan die waterkant. Die nag-
vissersbote is gereed om te vertrek,
motore ronkend, paraffienlampe in die boë,
en die hele stad is buite vir die promenade,
geliefdes ingehaak, en jong mans wat windmakerig stap,
moeders en vaders, kinders wat roomys eet,
ou mans wat toekyk van tafels op sypaadjiekafees,
en die donkerwordende heuwels beweeg nader, soos vriendelike diere.

Soet hemelgloed in die aand, gesprei oor heuwels en baai,
jou arm raak skrams aan myne nou, asof toevallig,
soos die aanraking van hierdie jong meisie wat langs my loop
met swaar heupe, klein treetjies en swaaiende gang,
gitswart hare teruggevee, delikate hals en skouers
diep somerverbrons, en haar olyfbruin oë wat lag.
Ek drink jou, glinsterende lig, soos wyn, soos musiek,
soos haar voorouers jou duisende jare gedrink het.

Poreuse stad, haar naam is *Eleftheria*,
en hoewel jou littekens grys spikkels in haar oë is,
steeds, op hierdie uur wanneer lig en lig se krommings
subtiel in haar gesig speel soos spraak of lied,
hare is die antieke reg om langs hierdie kaai te loop
as instrument en bewaker van jou lig

wat sy in die bronne van haar diep pupille versamel,
en hare, die geliefde vryheid, om jou soos 'n danser te betree.

Liefste aand, lig wat duisende jare oud is,
sanger met die helder keel, lieflik soos hierdie vrou,
hoe kan ek nie die grasia bewonder waarin jy
hierdie stad en sy mense giet nie, 'n gietvorm
wat alles boetseer wat dit aanraak, die hele wêreld?
Ek het jou slaaf geword, indien nie jou bewoner nie.
En vurig verlangend om jou volkome te drink, sou ek
elke porie vul met jou straling, haar vryheid.

Richard Berengarten

Vertaal deur / translated by H. J. Pieterse

interLitQ.org